**Pestalozzi Trust** (IT6577/98)
**die regsfonds vir tuisonderwys**
**the legal defence fund for home education**

Posbus/ PO Box 12332 Queenswood Pretoria 0121
**Tel**: (012) 330 1337 **Faks/fax**: (012) 331 1018 / (011) 507 5997
**E-pos/e-mail**: defensor@pestalozzi.org **Web**: www.pestalozzi.org

# Tuisonderwys

## *Wat is tuisonderwys?*

In tuisonderwys leer ouers, gewoonlik 'n ma, hul/haar kind by die kind se eie huis. In die Suid-Afrikaanse wet word daar voorsiening gemaak vir drie soorte onderwys, naamlik tuisonderwys, privaatskole en staatskole.

## *Die Totstandkoming van Tuisonderwys in Suid-Afrika*

Sedert einde 1996 maak wetgewing in Suid-Afrika uitdruklik voorsiening vir tuisonderwys. Die Vereniging vir Tuisonderwys is in 1992 gestig, toe tuisonderwys nog aktief deur die vorige regering onderdruk is.

Na groot stryd, ook in die parlement, en nadat die Home School Legal Defence Fund van die VSA politiek geweldig druk geplaas het vir die erkenning van tuisonderwys in Suid-Afrika, is dit in die SA Skolewet van 1996 opgeneem. Die werklike erkenning van tuisonderwys het dus geskied teen die sin van die regering, en die gevolg is dat onderwysdepartemente en amptenare allerlei struikelblokke in die pad van tuisskolers plaas. In 1998 is daar ook 'n regsfonds vir Suid-Afrika gestig, die Pestalozzi Trust regsfonds vir tuisonderwys, wat waak oor die belange van tuisskolers in die land, tuisskolers regsbeskerming bied, en inligting verskaf oor die regte en pligte van ouers wat hul kinders tuis onderwys.

## *Hoekom 'n regsfonds as tuisonderwys wettig is?*

Op 31 Mei 2002 is die nuwe staatskurrikulum gepromulgeer. Hierdie dokument gee voor om nie net die kurrikulum vir staatskole te wees nie, maar ook vir privaatskole en tuisonderwys. Amptenare meen verkeerdelik dat ook tuisonderwys verplig is om al die minimum vereistes van Kurrikulum 2005 na te kom.

Alle ouers behoort op hoogte te wees van die kurrikulum wat hul kinders op skool leer of sal moet leer. Om 'n kopie van die kurrikulum in die hande te kry, skakel die Onderwysdepartement by 012 312 5410. Andersins kan u dit ook aflaai van die webblad van die Pestalozzi Trust. Kyk op www.pestalozzi.org vir die skakel na die Nuwe Staatskurrikulum.

Ouers behoort ook op hoogte te wees van die handboeke wat goedgekeur is vir gebruik in skole. Dan sal hulle gou besef dat die opvoedkundige, ideologiese, kulturele en godsdienstige inslag in die kurrikulum nie strook met die ideale wat die meeste ouers vir hul kinders het nie.

Die assessering wat deurloop moet word om die twee nuwe kwalifikasies te behaal, Graad 9 of die BOOS (Basiese Onderwys-en-Opleidingsertifikaat) en Graad 12 of die VOOS (Verdere Onderwys-en-Opleidingsertifikaat), toets of die leerling die kurrikulum bemagtig het. Ouers wat nie wil voldoen aan die onwettige eise van amptenare nie, sal hulle moet beroep op die beskerming van die howe. Die Pestalozzi Trust is daar om ouers te help om die hofstryd aan te pak.

## *Enige ma kan tuisonderwys doen*

'n Moeder is uniek daartoe geskape om haar kind te kan onderrig. Haar beskermende moederinstink is daar om haar kind te beskerm, en die moeder weet amper altyd die beste wat in die beste belang van haar kind is. 'n Moeder wat haar kind basiese lewensvaardighede kan leer, soos om "Asseblief" en "Dankie" te sê, kan ook haar kind tuisskool.

**'n Ma hoef nie 'n onderwyseres of hoog geleerd te wees nie.** Volgens uitgebreide navorsing wat oor die onderwerp gedoen is, het die kwalifikasies van die ouer in tuisonderwys geen invloed op die prestasie van die tuisleerder nie.

**Dit is beter as 'n ma nie alles weet nie.** Só bied sy haar kinders die baie waardevolle rolmodel van

'n ma wat wel nie weet nie, maar wat nie bang is om uit te vind nie. Sodoende leer die kinders 'n ingesteldheid van probleemoplossing, waarsonder hulle nie die lewe kan aanpak nie.

"Kom ons kyk eers agter in die boek by die antwoorde. Of miskien kry ons die oplossing in hierdie ander handboek wat ons het, of kom ons bel die Wiskunde-juffrou hier langsaan, of kom ons vra vir Oom Boet, die elektrisiën - hy ken Wiskunde baie goed!, of wat van die Internet, of..."

Die probleemoplossingsvaardigheid en -ingesteldheid sal waarskynlik nog dié belangrikste akademiese toerusting in jou kind se lewe word.

***Kyk die Trust se regsbrosjure en inligtingpakket vir verdere inligting oor die regsaspekte.***

## *Hoeveel tyd neem dit in beslag?*

Navorsing toon dat 'n laerskoolkind in tuisonderwys gemiddeld ongeveer 2 tot 3 uur per dag neem om al sy werk te voltooi (huiswerk ingesluit) en 'n hoërskoolkind gemiddeld ongeveer 3 tot 4 uur. 'n Kind in tuisonderwys het normaalweg dus meer vrye tyd vir speel, lees, musiek, droom, gesels, stokperdjies, help in die huis en tuin, en kortom: om 'n normale lewe te lei.

## *Leermateriaal vir tuisonderwys*

Daar is baie leermateriaal beskikbaar vir tuisonderwys in Suid-Afrika, sommige plaaslik ontwikkel, sommige uit die buiteland ingevoer; sommige op rekenaar, sommige gedeeltelik op rekenaar, en sommige in handboeke; eenheidstudies. Daar is dus 'n verskeidenheid benaderings, vir elke moontlike situasie. Die materiaal wat beskikbaar is vir tuisonderwys, is gewoonlik maklik vir enige ma om te gebruik. Baie tuisskolers maak ook van afstandsonderrig-fasiliteite gebruik, wat 'n ouer met 'n kind in tuisonderwys feitlik onafhanklik kan gebruik.

Daar is ook instansies wat bykomende onderrig verskaf byvoorbeeld in Wiskunde, soos Master Maths (021 851 5660), of wat bykomende hulpmiddels verskaf byvoorbeeld vir Wetenskap en Biologie, soos Marzannic Chemistry (faks 012 660 2187) of Somerset Educational (0424 32030), of vir die bemeestering van amper enige taal onder die son (Phil Shapiro: Universal Systems of Education 083 263 9047).

## *Kontakbesonderhede van kurrikulumverskaffers*

Skakel die verskaffers en doen u navorsing oor die kurrikulum deeglik.

U is welkom om u navorsing met ons te bespreek. Ons kan u help om 'n keuse te maak, maar die verantwoordelikheid vir die uiteindelike keuse berus by u.

**ACE (Accelerated Christian Education):** (031) 569 1744
**Beit HaSefer:** (012) 546 0701. Lindie Malan. Handboeke en leermateriaal.
**Breinlyn:** (012) 567 1111
**British International Distance College:** (011) 706 7199 for Cambridge International Distance Education (IGCSE and HIGCSE)
**Christian Liberty Books:** (021) 689 7478
**Clonard Home Schooling:** (031) 764 6480
**Damelin Correspondence College:** 0860 61 61 61
**Dynamis:** 082 5741 433
**Footprints on our Land:** (021) 712 6747 / (028) 316 3796
**Impak:** (012) 664 2618 of (012) 664 8552
**Intec College**: (021) 417 6700
**KenWEB**: (053) 207 0045
**Love2Learn** ivana.ries@wol.co.za
**Moria Tuisskoolmateriaal:** (018) 294 6504
**Nukleus** (0448) 730 990/403
**Oikos Home Education:** (033) 502 9050/1
**TCE:** (021) 557 2612
**Technisa:** (031) 563 8700
**The Early Years:** (043) 740 1041

## *Enige kind kan baat by tuisonderwys*

Enige kind kan baat by tuisonderwys. Volgens navorsing presteer tuisleerders akademies baie beter as geïnstitusionaliseerde leerders. Dit is te verstane, want tuisonderwys bied die ideale leeromgewing wat wissel van 'n verhouding van een-tot-een tot 'n verhouding van byvoorbeeld een-tot-ses, en waarin die kinders onmeetbaar meer aandag kry as wat selfs vir die sorgsaamste onderwyser in 'n skool fisies moontlik is.

## *Onderwys vir individuele behoeftes*

Tuisonderwys is uitmuntend geskik vir kinders met spesiale behoeftes, soos 'n kind met 'n besonder hoë of besonder lae intelligensie, of met spesiale talente, byvoorbeeld 'n kind wat baie begaafd is in musiek of sport of skaak, of kinders met spesiale leerbehoeftes. Die meeste ouers rig dan ook hul tuisonderwys so in dat hulle voorsiening maak vir hul kinders se spesifieke behoeftes en vaardighede. 'n Mens hoef dan ook nie al die vakke op dieselfde vlak te doen nie. As die kind baie vaardig is in Wiskunde, is daar niks wat hom keer om aan te gaan met die volgende jaar se werk as klaar is met hierdie jaar se boeke nie. Of omgekeerd: as die kind nie hierdie jaar se Engels baasraak nie, gaan hy eenvoudig terug na verlede jaar se boeke en soek saam met sy ouers die haakplek en ruim dit uit die weg.

## *In tuisonderwys is die hele lewe die kurrikulum*

Tuisonderwys vind binne die lewe plaas, tussen mense van verskillende ouderdomme, in werklike lewensituasies. Een van die moeilikste dinge om te aanvaar wanneer 'n mens begin met tuisonderwys, is dat tuisonderwys iets heeltemal anders as skoolonderwys is.

As daar in tuisonderwys 'n pyp breek, word die loodgieter se besoek skielik 'n wonderlike leergeleentheid vir die hele gesin. In tuisonderwys pas 'n mens jou leerwerk in by Oupa en Ouma se skielike inloer, of by die jongste wat 'n pragtige spinnekop net buite die agterdeur ontdek.

Want in tuisonderwys is die hele lewe die kurrikulum. 'n Mens berei die kind voor vir die lewe, terwyl hy met sy voete vierkantig binne-in die lewe staan.

## *Wat van sosialisering?*

Sosialisering is nie so 'n groot probleem as wat oningeligte buitestaanders gewoonlik meen nie.

Die navorsing wat daaroor gedoen is, bevestig wat baie tuisskoolouers weldeeglik besef, naamlik dat kinders in tuisonderwys nie 'n wesentlike probleem met sosialisering het nie. Tuisleerders sien gemiddeld net soveel mense as hul eweknieë in openbare of privaatskool, maar dit is 'n veel groter verskeidenheid mense met wie hulle te doen kry. Hulle leer dus om met baie soorte mense klaar te kom, en in hierdie opsig is dit 'n baie goeie voorbereiding op die moderne beroepswêreld, waar 'n mens selde werk saam met 'n groot groep mense wat almal presies so oud soos jy is. Veel eerder bevind jy jou vandag in 'n kleinerige groep, waarvan die ouderdomme wyd uiteenlopend is.

## *Wat van sport?*

Daar is ook baie geleenthede vir sportbeoefening vir tuisleerders. Afgesien van sporte soos swem, tennis, perdry, gholf en ysskaats, word daar toenemend privaatklubs gestig waarby tuisskolers inskakel vir byvoorbeeld atletiek, rugby, netbal en krieket. Uitstaande sportmanne en -vroue vind dikwels dat hulle meer tyd aan hul sport kan bestee in tuisonderwys.

## *Ondersteuning in tuisonderwys*

Moenie jou kurrikulumverskaffer as jou enigste steungroep beskou nie. Kurrikulumverskaffers is daar om te doen wat hul naam sê: om aan jou 'n kurrikulum of leermateriaal te verskaf.

Sluit aan by die volle spektrum van ondersteuningstrukture. Elke struktuur het sy eie funksie. Hierdeur ontvang u omvattende ondersteuning en sekuriteit, en verbeter u die kans vir bevredigende, suksesvolle tuisonderwys wat oor die lang termyn volhoubaar is.

1 **Pestalozzi Trust.** Die Pestalozzi Trust is die regsfonds vir tuisonderwys in Suid-Afrika. Dit hou wag oor die belange van tuisskolers en bied gemoedsrus aan sy lede. Die Trust lig sy lede in oor hul regte en verpligtinge as tuisskolers. Ons hou ons lede op hoogte van onderwysgebeure in die land. Lidmaatskap is slegs beskikbaar aan tuisskolers wat nog nie in konflik met die onderwysowerheid oor hul tuisonderwys was nie. Aansluitingsfooi R720 per gesin per jaar. Kontak ons vir 'n brosjure oor die Pestalozzi Trust en 'n aansoekvorm.

**2 Verenigings vir Tuisonderwys**. Sluit aan by die plaaslike vereniging. Kontak hulle om vas te stel watter rol hulle vervul.

***Vereniging vir Tuisonderwys*** (012) 653 6280
***Cape Home Educators*** 088 1274484
***Eastern Cape Home Schooling Association*** (043) 748 1758
***KwaZuluNatal Home Schooling Association*** 088 1252 799

**3 Ondersteuningsgroepe.** Sluit aan by 'n plaaslike ondersteuningsgroep of stig een. Vir die ma bied dit 'n skouer om op te huil, en dit help om jou kinders se gedrag in perspektief te plaas. Vir die kinders is dit belangrik om ander tuisskolers te kan ontmoet, en te kan sien dat daar ander baie "normale" kinders ook is wat tuisskool!

## *Hoe om te begin*

***1 Bepaal 'n doelwit.*** Bid en besin as 'n gesin saam oor wat jul ideale is vir jul kinders. Hoe wil jy graag hê jou kind moet wees oor 10 of 15 jaar? Iemand wat weet wat reg en verkeerd is? Iemand wat onafhanklik kan dink en doen? Iemand wat vir homself kan sorg en nie bang is om te werk nie?

***2 Win inligting in.*** Win inligting in oor tuisonderwys - lees daaroor, koop 'n inligtingpakket, woon inligtingseminare by, gesels met ander tuisskolers, vind uit wat die verskillende kurrikula behels.

***3 Sluit aan by ondersteuningsliggame*** om jouself op hoogte te hou van verwikkelinge en deel te bly van die netwerk van tuisskolers in Suid-Afrika.

***4 Geniet dit*** elke dag, en wees dankbaar vir die voorreg om met jou kind te kan werk. Ontspan, en doen moeite om die lewe so stresvry moontlik vir jouself te maak, veral die eerste ruk.

## *Hoe om dit vol te hou*

Vir 'n ouer is tuisonderwys een van die wonderlikste ervarings wat 'n mens ooit in jou lewe kan hê. Dit maak ouerskap werklik sinvol. Ook vir kinders is elke dag wat hulle in tuisonderwys is, 'n geskenk.

***Wees bereid om koersaanpassings te maak.*** Wanneer ouers begin, moet hulle voorbereid wees op 'n groot verandering wat daar ook in hul lewens gaan plaasvind. Hulle leer ken hulself beter, leer hul kinders baie beter ken, en hulle leer mekaar se geselskap geniet. Ouers groei soveel as mense, en doen dinge wat hulle nooit beplan het om te leer en te geniet nie. As gesin beweeg die ouers en kinders baie nader aan mekaar, en sluit dikwels lewenslange vriendskappe.

'n Tuisonderwysgesin se rol verander gewoonlik in hulle familie en in die samelewing, want hulle sal toenemend hul keuse vir tuisonderwys moet verantwoord. In die proses maak 'n mens soms vyande maar dikwels ook onverwagse vriende, en werf tuisskolers deur hul voorbeeld dikwels baie mense vir tuisonderwys.

***Raak betrokke.*** Namate hulle vorder met hulle tuisonderwys, by ondersteuningsliggame betrokke raak, oplees oor tuisonderwys en van inligtingsgeleenthede gebruik maak, raak tuisskolers al hoe meer betrokke in die tuisonderwysgemeenskap self, sodat hulle ook ander kan help, asook by die bevordering van goeie onderwys in die samelewing.

Elke dag wat jy jou kind in tuisonderwys het, is 'n geskenk van die Here. Dit is 'n wonderlike manier om jou doopbelofte te vervul, en om die opdrag van die Here in Deuteronomium 6:6ev na te kom: "En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan..."

## *Verdere inligting*

**1 Sluit aan by die Pestalozzi Trust.** Lede van die Trust ontvang die regte inligting - ons ondervinding was dat waninligting 'n mens dikwels in die moeilikheid of in 'n verleentheid kan laat beland. Sluit aan by 'n vereniging vir tuisonderwys en 'n ondersteuningsgroep.

**2 Lees verder oor tuisonderwys.** Die biblioteek van die Trust bevat baie boeke oor tuisonderwys, wat lede kan uitneem. Lig jouself in en lei jouself op oor die aspekte waaroor jy twyfel.

**3 Koop 'n inligtingpakket.** Die hersiene inligtingpakket van die Pestalozzi Trust sal eersdaags beskikbaar wees. Dit bevat navorsingsresultate, gevallestudies, asook regsinligting. Kontak die Trust se kantoor vir verdere inligting.

**4 Woon inligtingsdae by.** Die Trust hou kwartaallikse inligtingsdae in Engels en Afrikaans, waar al u vrae beantwoord word. Die Trust lig graag ou en nuwe lede in oor die jongste onwikkelings oor tuisonderwys.

*Kontak die Pestalozzi Trust by (012) 330 1337 of by*
*leendert@pestalozzi.org of karin@pestalozzi.org.*

**PESTALOZZI TRUST**
**Moenie sonder ons tuisbly nie!**